



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 15 NOVEMBER 2020

VIER EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

### GEMEENTE DAGBOEK

**GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK**  
Beskermingsdienste

**LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK**

PSALM 100  
ESEGIËL 34:11-16, 20-24  
EFESIËRS 1:15-23  
MATTEUS 25:31-46

#### SONDAG, 15 NOVEMBER

BIDDAG VIR BESKERMINGSDIENSTE

09:00 Oggenddiens: ds Johan Morkel  
DOOP

Geen Aanddiens

#### MAANDAG, 16 NOVEMBER

19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie  
19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer

#### DINSDAG, 17 NOVEMBER

09:30 Senior burger Bybelstudiegroep  
Kooroefening – **Geen**  
18:00 Dinsdag Mannegroep – byeenkoms in Konsistorie

#### WOENSDAG, 18 NOVEMBER

09:30 Vroue Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie  
09:30 Bottelary Bybelstudie – by Anna van Wyk op Voëlvry

#### DONDERDAG, 19 NOVEMBER

09:00 Dienssentrum vir Seniors – Moedergemeente Kerksaal  
13:00 Verslae vir volgende week se kerkraadsvergadering by kerkkantoor inhandig  
15:00 Openbaring Bybelstudie

**Sopkombuis:** Riana van Niekerk, Elsabé Marais, Sorina Greeff, Marita Pienaar, Rosa Brand,  
Alae Rootman

## VRYDAG, 20 NOVEMBER

09:30 Gebedsbyeenkoms in Konsistorie – almal welkom

## SATERDAG, 21 NOVEMBER

## SONDAG, 22 NOVEMBER

VYF EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD  
POSDAG

09:00 Oggenddiens - Kerssangdiens

Kontak Kerkkantoor om plek te bespreek.  
Protokolle sal gevolg word.

Geen Aanddiens

## VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
2. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.
3. Lidmate is steeds welkom om enige tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Boeke en tydskrifte word ook benodig.
4. Ds Hannes Burger verkondig vandag die Woord by Digtebij Gemeente.
5. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op DONDERDAG 26 November 2020 om 19:00.

## EREDIENSTE

**BAIE BELANGRIK!!!** Bywoningsgetalle word beperk tot 250. Almal wat die diens wil bywoon moet dus **elke week** hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

## SLUITING VAN KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal oudergewoonte oor die Kers- en Nuwejaartyd vir 2 weke gesluit wees.

Vanjaar sluit die kantoor vanaf 23 Desember 2020 tot 5 Januarie 2021.

Lidmate wat beoog om die Kersdiens op 25 Desember 2020 by te woon, moet asb reeds teen 22 Desember hul plekke bespreek. Tot dusver het ons nog nie die maksimum van 250 by enige erediens bereik nie, maar die Kersdiens word gewoonlik baie goed bygewoon. Dit is dus **uiters belangrik** dat jy vir jou en jou familie wat dalk by jou gaan kuier, vroegtydig plekke bespreek. Ons mag ongelukkig nie meer as 250 mense by die erediens wees nie.

Vir die eredienste van Sondag 27 Desember en 3 Januarie sal daar dus nie vooraf plek bespreek kan word nie. Lidmate wat die diens bywoon se inligting sal dan deur die eredienstewerkers by die deure op die lyste geskryf word.

## SENIOR KATEGETE GESOEK

Daar is 'n tekort aan Senior Kategete vir 2021 en ons doen 'n beroep vir persone om klas te gee vir 'n jaargroep. Kontak asb vir Elaine Smith by 0846244672.

## KLEUTER- EN KINDERKERK

Daar is 'n groot tekort aan klasleiers vir kleuter- en kinderkerk, asook 'n ko-ordineerder vir die kleuterkerk vir 2021. Kontak asb vir Riëtta Odendal by 0829040950.

## GEMEENTENUUS

1. Nicolaas Steyn, babaseun van Nico en Jolene Steyn word vandag gedoop. Johan en Annaline Norman is die grootouers.
2. Sophie Gourrah (Annandalestraat) is weer in die hospitaal opgeneem.
3. Lola Maritz (Brackenfell) het tydens 'n operasie in Tygerberg Hospitaal gesterf.
4. Marina Summers (Olivierstraat) het 'n operasie ondergaan. Daar was komplikasies en sy is weer opgeneem in die hospitaal.
5. Ina Hurter (Othello) se suster is in die Intensiewe Sorgteenheid in Bloemfontein. Dit gaan beter met haar. Haar man is uit die hospitaal ontslaan.
6. Corla Gericke (Krisant Singel) is uit die hospitaal ontslaan.
7. Karien Maré (Mopaniesingel) is tydens die onlangse tussenverkiesing gekies as Wyksraadslid. Baie geluk.

## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 15/11 Marilie Tiller, Laurette Brink, Kobus Nel, Alex Abrahams, Carien van der Merwe, Deon Lambert, Christie Wilders
- 16/11 Karlien Vermaak, Adélia Rossouw, Daniël Brink, Danie Campher, Ilse Rabie, Elmari Schwenke-van der Walt, Elizmarié Saayman
- 17/11 Desiré van Wyk, Tronell Lessing, Altus Geyer
- 18/11 André Huysamer, Anneen Serfontein
- 19/11 Cecile Petzer, Jaco Blomerus, Roezan Lewis, Charlene Botes, Ruan Vlok
- 20/11 Lize Viljoen, Dané Wethmar
- 21/11 Anchen Lloyd, Lester Abrahams

## TIENDE MAAND DANKOFFER

Baie dankie aan almal wat reeds hul dankoffer gegee het. Die bedrag van R240 705 is reeds ontvang. Koeverte kan steeds enige Sondag in die kollekte mandjie geplaas word. Bydraes kan ook per EFT of Snapscan gegee word. Gebruik verwysing 10de Dankoffer.

## BYBELS

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van 'n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag 'n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat

## HUIS DE KUILEN



## VROUEOGGEND – ALTA DU TOIT NASORG

Alta du Toit Nasorg, Bellville, bied op Saterdag 28 November 2020 om 09:30 'n VROUEOGGEND aan by Goedgeleiven, Durbanville.

Die gaskunstenaars is Dowwe Dolla en Leah. Kaartjies teen R295 per persoon is beskikbaar by [marina@altadutoit.org.za](mailto:marina@altadutoit.org.za)

## DE EIKE SE “DROP & GO” – PROJEK

Die Drop & Go Projek gaan steeds voort met die insameling van kos vir die koskas waaruit kospakkies aan behoeftige gesinne verskaf word.

Ons voorrade is laag of gedaan vir die volgende items.

1. *Bullybeef*
2. Blikkies Mielies, Ertjies, Bone in tamatiesous
3. 500g Pakkies Rys
4. Mieliepap
5. Graanvlokkies
6. Toiletpapier
7. Waspoeier (Verkieslik nie vir outomatiese wasmasjiene nie)

Baie dankie vir die suiker wat ons ontvang het.

Kontak die kerkkantoor of Piet Rootman by 0823750259 vir verdere inligting.

## WYNVEILING

### Wynveiling – 19 November 2020

Met die verslapping van die inperkingsbevele, hou ons DV op 19 November 2020 die **Kosie Steenkamp-gedenkwynveiling** by Kaapzicht.



Die beste Vat 5 versnit  
nog ter ere van 'n  
unieke mens en  
vriend.

Die uitsonderlike  
karaktertrekke van  
hierdie vyf kultivars  
maak saam 'n  
meesterstuk.

Plaas bestellings by Elmarie Scholtz: [info@ngkeike.co.za](mailto:info@ngkeike.co.za)  
ABSA Tjekrekening , NGKerk De Eike, Takkode 632 005  
Rekening no 3010 590 069  
Verwysing vir Snapscan en EFT: Gedenkwyn en naam

NG KERK  
KUILSRIVIER-DE EIKE

### KOSIE STEENKAMP GEDENKWYN

750ml R500

Magnum R1500

# AKSIE SAMARITAAN



Die sopkombuis is gesluit vanaf 16 Desember 2020 tot 11 Januarie 2021. Dit is 'n lang tyd om sonder kos te wees vir die haweloses wat daaglik afhanklik is van die sopkombuis om in hulle kosnood te voorsien. Ons probeer elke jaar om tydens ons afsluiting 'n basiese kospakkie aan ons kliënte te voorsien om hulle by te staan gedurende hierdie tyd. Ons begroot vir 100 kospakkies, maar daarvoor het ons julle hulp nodig. Die koste van 'n kospakkie beloop R600. Daar is dan twee opsies beskikbaar hoe jy 'n hawelose dan borg. Jy kan kontant skenk of jy kan self die kospakkie opmaak uit die onderstaande lys wat verskaf word. Groepe kan ook saam een of twee haweloses borg.

Die afsluiting word gehou op 16 Desember 2020. Alle kospakkies of geldelike bydraes moet asb teen Vrydag 11 Desember 2020 by ons wees.

Indien jy bereid is om 'n hawelose te borg kontak gerus vir Jacomina Swart by 0824533862 vir verdere besonderhede.

Mag die Here jou bereidwilligheid en diensbaarheid seën.

**Art 18A sertifikate kan  
verskaf word!**

## LYS VAN ITEMS IN KOSPAKKIE:

2kg Rys	2.5kg Suiker	1 pak Macaroni	1 pak Sopmengsel	500g Koffie
1kg Mieliemeel	450g Weetbix	1 pakkie(25) Teesakkies	500ml Olie	
1 pakkie Cremora	1 boksie Cup-a-soup	2 blikkies Bullybeef	Sout	
2 blikkies Sardientjies	2 blikkies Gemengde Groente	2 blikkies Baked Beans		
1 pakkie Koekies	1 groot pak Chips	1kg Koekmeel	5 pakkies 2min Noodles	
1 bottel aanmaak Koeldrank	2 boksies Soja maalvleis	1kg Waspoeier		



## **NUUS OOR DIE NUWE BYBELVERTALING**

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika stel met trots die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel bekend.

*Die Bybel: 2020-vertaling*, is die jongste, mees relevante Afrikaanse vertaling wat saamgestel is uit die nuutste beskikbare brontekste. Die vertaling streef daarna om lesers te laat voel of die Bybelskrywers van ouds in hul eie woorde self die wonderlike liefdesverhaal van God en die mens aan hulle oordra. Terselfdertyd is die teks in vloeiende, idiomatiese Afrikaans geskryf, met omvattende, beskrywende voetnote.

Die Bybel word amptelik op 29 November 2020 in Bloemfontein bekendgestel, maar kan egter reeds direk by die Bybelgenootskap verkry word. Die Bybels is in die volgende bindstyle en uitgawes beskikbaar:

**AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, mediumgrootte, swart hardeband teen R129.00**

**AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, mediumgrootte, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks teen R329.00**

Die nuwe vertaling is ongelukkig nog nie in grootdruk beskikbaar nie. Dit sal eers in die loop van 2021 beskikbaar wees.

Vir meer inligting oor *Die Bybel: 2020-vertaling* besoek gerus [www.bybeldirektevertaling.co.za](http://www.bybeldirektevertaling.co.za).

Om jou eksemplaar van hierdie nuwe Afrikaanse Bybel te koop, stuur 'n e-pos aan [sales@biblesociety.co.za](mailto:sales@biblesociety.co.za) of besoek die aanlynwinkel.

Bestellings kan ook by die kerkkantoor geplaas word. Ons sal dan een groot bestelling plaas en sodoende spaar op afleweringkoste.

**BAIE BELANGRIK**

**Sperdatum vir bestellings is Dinsdag 17 November 2020.**

## **KERSVIDEO : 22 NOVEMBER 2020 : 09:00**

Met die inperking vanjaar, én die gevolg dat ons eers nie toegelaat is om eredienste in die kerkgebou te hou nie, het ons deurgedruk met my voorstel dat daar vanjaar 'n kersvideo gemaak word. Dit impliseer darem dat 250 gemeentelede dit ín die kerkgebou kan bywoon én dat dit op die web geplaas kan word vir enige ander persoon wat graag daarná wil kyk.

Ons vertoon die video om 09:00 op Sondag 22 November in die kerk. (Ds Hannes Burger sal verder 'n gewone erediens-boodskap ook op die web laat plaas waarná julle dan later kan luister.) As jy graag die geleentheid wil bywoon, maak seker dat jy bespreek vir die "oggenddiens".

Aanvanklik was die idee dat 'n groepie akteurs net sit en kersverhale vertel, wat ons dan ook sou verfilm. Die video bestaan egter nou uit tjellospel, kerkkoorsang, die kersverhale, orrel- en klavierspel. Die snit waar die gemeente verlede jaar saam met my suster "O, ek glo!" gesing het, is ook ingesluit in die video.

Anna van Wyk en haar man gaan weer die kerkgebou versier en Hester en Jannie Carstens gaan weer die kerstoneel in die voorportaal opstel.

Dit belooft om regtig 'n pragtige geleentheid te wees wat gebore is in die abnormale 2020-jaar wat ons beleef. Bespreek asb jou plek betyds om teleurstelling te voorkom. Bring asb soos gewoonlik 'n kers en 'n blaker saam vir die Stille Nag.

Kersgroete!

René Ferreira  
Orrelis





**TEMA:** Die Here vergewe ons sondes en gee vir ons geleentheid om Hom te dien!

Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Rigters 4:1 – 7

Loflied: 215:1-5

Skuldbelydenis: 239:3

Lied met Doop: 292:2

Inleiding: Die sondeval het ons natuur so verdorwe dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.

1. Die volgende verse in Rigters(2:11; 3:7; 3:12; 4:1; 6:1) sê almal *“Die Israeliëte het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here”*

1.1. Soek jy nog verdere bewyse dat ons grondig sondig is? Wat van jou eie lewe?

1.2. Israel se sonde word by die naam genoem.

1.3. Ons sondige natuur bring voortdurend sy vrug - sonde - in ons lewens voort!

2. Ons lees in v.3 *“Israel het tot die Here geroep om hulp”*.

2.1. Israel roep na die Here om uitkoms en die Here gee vir hulle ‘n rigter, ‘n verlosser!

2.2. Uiteindelik het God die volmaakte, die ewige Verlosser voorsien: Jesus Christus.

2.3. Die Here gee vir ons telkens ‘n geleentheid om weer te begin, skoon te begin.

Ons bely ons sonde in die woorde van Lied 239:3:

3. Debora se lewe is vir ons ‘n voorbeeld van ‘n gelowige wat reg lewe voor die Here.

3.1. Debora het geluister wat die Here vir haar gesê het.

- Luister ek na die Here, na sy Woord?

3.2. Debora was gehoorsaam aan die Here: Sy het vir Barak gesê wat sy gehoor het.

- Is ons bereid om te leef volgens die Woord van die Here?

3.3. Debora het die gawes wat sy van die Here ontvang het, gebruik.

- Dien ons die Here en ons medemens met die gawes wat Hy vir ons gegee het?